Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 2 – 24 Januarie 2025

**Sheriff-Steve verjaar en ons hele skool het dit saam gevier op die Lynnie-Ranch. Dankie aan al die Dagbestuur leerders en ouers wat hierdie dag 'n feestelike jolyt gemaak het.**



**DAGBESTUUR**
Leonie du Preez van GRO-life inspireer die Dagbestuur.


https://grolife.co.za/





## WINKELURE



## OUERLEIDING

**Op jou merke gereed .....**



Die eerste 10 dae van 'n nuwe skooljaar begin op 'n pas wat Akani Simbini soos 'n lang afstand atleet sou laat lyk.

Ons atlete neem deel aan byeenkomste en daar word smiddae reeds hard met kolf en bal gewoeker. Daar word gedans en gesing terwyl pragtige note uit die musiek lokale gehoor word. Sommige kinders is tot vroegaand besig met hul buitemuurse aktiwiteite.
Dit verg baie energie om by te bly, terwyl ons kinders nog in klasse ook moet konsentreer.

'n Kosblik is dus baie meer as net 'n kosblik. Dis brandstof vir ons kinders se besige dae. Dis ook 'n ouer se daaglikse liefdesdaad aan hul kinders.

<u>Hier is 'n paar KOSBLIK IDEES VIR LYNNIES</u>:
'n Gesonde kosblik sluit `n bottel water en die volgende 3 komponente in:
Koolhidrate/Stysel.
Proteïene/suiwelproduk.
Vrugte en/of groente.
<u>Koolhidrate</u>
Lae GI brood (verkieslik wat stadig verteer om energievlakke hoog te hou) of volgraan kraakbeskuitjies soos Provitas.
Pasta
Mielie op die stronkie.
Baba-aartappels – maak slaai van pasta of aartappels.

<u>Proteïen of suiwelproduk</u>
'n Klein jogurt of `n klein gegeurde melkie bv. "Steri Stumpie".
Kaas en kaaswiggies.
Eier – gekook (kook sommer `n pot vol en hou in die yskas vir tot 5 dae).
"Baked beans" of enige ander bone – sit in bakkie met `n lepel by, of as vulsel vir `n broodjie.
'n Verskeidenheid worsies.
Biltong en droë wors is 'n luukse bederfie af en toe.
Neute of grondboontjiebotter.
<u>Vrugte en Groente</u>
Vars / droë vrugte / droë vrugtestafie.
Klein sappie (nie te gereeld).
Bakkie vrugteslaai. Skil vrugte soos naartjies of lemoene wat moeilik skil voor die tyd en verpak in 'n sakkie sodat dit makliker is vir jou kind om te eet.
Vrugte en groentestokkies – vrugte en groente op 'n sosatiestokkie geryg.
Wortelrepies, kersietamaties, komkommer, rou sampioene ensovoorts.
Meng gemengde groente met maalvleis vir 'n vulsel vir 'n geroosterde broodjie.
Pastaslaai met groente in.

VERMY: Lekkers en sjokoladestafies, aartappel-skyfies, koekies, soutkoekies, slap chips, wegneem-etes, pasteie, versoete gaskoeldrank.

## LYNNIES BIDGROEP




**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

# 1STE SKOOLDAG

## Meneer Steve vertel die gunsteling NUGGET storie!

Die eerste dag van skool is 'n opwindende dag in enige jong kindjie se lewe. Uitgedos in nuwe skoolklere met 'n volgepakte kosblik in die tas, kan die haas-bekkies nie wag om by die skool te kom nie.

Met 'n stywe drukkie van pappa en 'n rooi kus van mamma op die wang, kon hul agter die skoolbankie inskuif.
































# KULTUUR

## GRAAD 6 EN 7 ONVOORBEREIDE TOESPRAAK WERKSWINKEL

Op 31 Januarie 2025 word daar vir al die graad 6 en 7 leerders 'n onvoorbereide werkswinkel om 14:15 - 17:15 aangebied. Die werkswinkel is om die leerders te help met die samestelling van onvoorbereide toe-sprake. Die werkswinkel is gratis.
Ons hoop om al die leerders daar te sien.

## REDENAARS

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**REDENAARGEDAGTE VIR DIE WEEK**
*"Elke donkerwolk het 'n silwer rand".*

## ATKV 2025

*Verwys na d6 vir inskrywingsvorm.*
*Inskrywings sluit 7 Februarie 2025!*
Graad 1 – 3: Klei, Stem, Beweeg
Graad 4 – 5: Streep, Resep, Vloek
Graad 6 – 7: Kits, Spiraal, Ritme



## VOORTREKKERS: WAATLEMOENFEES


Die Soetdoringkommando se Waatlemoenfees op 22 Januarie was 'n groot sukses, waar die spanbyeenkomste afgeskop het met 'n mengsel van waterspeletjies en heerlike waatlemoene. Die tema van die dag was spanwerk.
Die maats het mekaar gehelp om die uitdagings aan te pak.

Dit was 'n dag vol pret en ons nooi almal uit om vandag nog aan te sluit en deel te word van die Voortrekkers.
**KAN. (KULTUUR, AVONTUUR IN DIE NATUUR).**

Alle inligting is beskikaar op d6.



## KUNSTE AKADEMIE





Die Kunste Akademie dosente sien uit na 'n jaar van pret en verryking! Ons bied kuns, moderne dans, hip-hop, drama, ballet, klavier, viool, kitaar, blokfluit en musiekteorie aan. Dit vind op die skoolterrein plaas.

Kontak gerus een van ons topgehalte dosente om u kind in te skryf, of kontak die Kunste Akademie bestuurder, Carli Devenish, op carlidevenish@gmail.com.
Meer inligting op d6 beskikbaar.



## DAMESOGGEND 2025







## SPORT

**KRIEKET**

| Dag | Span | Veld |
|---|---|---|
| **Maandag**<br>**27 Januarie**<br>17:45 – 20:30 | Lynn o/11B en C interne LPL | Lynnwood |
| **Dinsdag**<br>**28 Januarie**<br>17:45 – 20:30 | Lynn o/8 Day Night LPL | Lynnwood |
| **Woensdag**<br>**29 Januarie**<br>17:45 – 19:00<br>17:45 – 20:30 | BEV Krieket<br>Lynn o/9B vs Lynn o/9C | Lynnwood<br>Lynnwood |
| **Donderdag**<br>**30 Januarie**<br>17:30 – 20:30 | Lynn o/10A, B en C LPL | Lynnwood |
| **Vrydag**<br>**31 Januarie**<br>13:30 – 17:30<br><br>14:00 – 17:00<br>14:00 – 17:00<br>14:00 – 17:00<br>17:30 – 21:00 | Lynn 3des, 4des, 5des en 6des LPL<br><br>Lynn o/9A vs Newton o/9A<br>Lynn o/11A vs Newton o/11A<br>Lynn 2de vs Newton 1ste<br>Lynn 1ste vs Newton 1ste | AttSport B<br><br>Old Boys<br>Attsport<br>Lynnwood<br>Lynnwood |
| **Saterdag**<br>**1 Februarie**<br>08:30 – 13:00<br>08:30 – 14:00<br>08:30 – 15:00 | Lynn o/9A vs Newton<br>Lynn o/11A vs Newton<br>Lynn 1ste vs Newton | AttSport B<br>AttSport A<br>Lynnwood |

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | Vrydag, 21 Maart (Publieke vakansiedag) Menseregtedag<br>Skool sluit 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


JOSHUA
NA DIE
REËN
6 Februarie 2025
19:00 | R220
AfriForum Teater
Kaartjies is nou beskikbaar by
www.afriforumteater.co.za.


DIADORA AQUATICS
EST. 1997
COACHES - EXPERIENCED, TRAINED & REGISTERED
SWIMMING SCHOOL IN EXISTENCE SINCE 1997
DDA- EASTERNS SWIMMING COMPETITIVELY SINCE 2001
STREAMLINED TO PERFORM
— LEARN TO SWIM —
Murrayfield
— PRE-SQUAD/SCHOOL SWIMMING —
CSIR
— CLUB SWIMMING —
HS Menlo Park
Karien:
kariendiadora@gmail.com
Samantha:
sstraw53@gmail.com
WhatsApp:
083 305 7746


Groot
Boks
Groot
Idees
BIG BOX
Stoor 3m, 6m,12m
Kantoor 3m, 6m,12m
Verkoeling 6m,12m
bigbox.co.za 0861 44 74 74